

## AGRA / CCF PARTNERSHIP PRESENTS SUCCESSFUL PUBLIC LECTURE FOR FARMERS

**A**gra, in partnership with the Cheetah Conservation Fund (CCF), presented practical farming courses in 2006 and 2007, tailored to suit the specific needs of farm workers. To date, 113 farm workers and farmers have been provided with the unique opportunity of gaining additional farming knowledge and skills, so improving their productivity and that of their agricultural operations.

This concept has now been extended to benefit a wider community.

As a result of the great success and hands-on approach of those courses, Agra presented a one-day public lecture on Thursday, 9 August 2007 at the Agra/Standard Bank Ring for emerging farmers, weekend farmers and farmers who are interested in learning the basic principles of practical farming.



The public lecture was officially opened by the Honourable Minister Nangolo Mbumba, Minister of Education. Honourable Minister Mbumba referred to the partnership between Agra and the CCF, highlighting the link between conservation and economic goals. "While farming may be considered mainly an economic activity, if applied properly, conservation plays an important role in managing our resources to achieve

conservation as well as economic goals" Minister Mbumba said in his opening remarks.

Agra's CEO, Peter Kazmaier said that "since Agra's inception more than 27 years ago, Agra has always been a trusted partner of the local farming community. From Agra's side we would like to assure you that we shall continue to remain a partner as long as we have a role to play, a contribution to make and as long as we can offer a realistic business service to the farming community."



"Like any other industry, farming methods and best practices change continuously. What is applicable today might no longer be appropriate tomorrow. This year we may have ample rainfall and sufficient fodder to feed our animals, whereas tomorrow we might be faced by a drought. Our challenge is to ensure that we make the best use of our resources, maximise the output from all our efforts, but at the same time ensure that we act responsibly towards the conservation and future sustainability of our natural resources," says Kazmaier.

This means that we need to understand agricultural economical cycles and be prepared to operate within these cycles with a view of achieving long-term sustainability rather than

short-term profit maximisation. What this means is that responsible and productive farming requires thorough planning, the acquisition of skills and experience, a lot of confidence and, above all, patience. Farming is unfortunately not a 'get rich quick industry'. At the same time we need to conserve our land to ensure we can continue farming productively the following year. That often means putting something back, and not using everything at once. We also want to make sure that our livestock obtain the best possible prices at auctions, that our agronomic output improves and that our farming effort is profitable. "

Practical demonstrations and exhibitions by Agra, the CCF and Voermeester on topics such as livestock auctions, livestock husbandry and management, livestock production, managing predators and supplementation of cattle formed part of the public lecture.



100 participants including business people attended this first public lecture by Agra in cooperation with the Cheetah Conservation Fund.

Due to the success of this first public lecture by Agra and the CCF, similar public lectures will also be presented in other areas of the country in future.

# EDITORIAL

**A**gra, in partnership with the Cheetah Conservation Fund (CCF), presented practical farming courses in 2006 and 2007 tailored to suit the specific needs of farm workers. This concept was now extended to benefit a wider community with the successful presentation of a practical public lecture on farming.

We would like to draw the attention of our members to the procedures for the application for import and export permits for their livestock; just as important is the information in this issue regarding debtors' statements and electronic banking.

Dr Stan Miller takes us through the basic principles of animal health and wellbeing.

Agra's annual general meeting this year will take place on 22 November. Here you will have the opportunity of tabling matters of strategic importance. It is however important that such issues that are to serve as discussion topics are forwarded in writing and in advance to ensure that the board, the management and members are made aware of these and that the discussion and decision-making process can take place as efficiently as possible. This might also ensure that answers, where needed, are instantly available.

Finally I would like to request our members to address any queries, questions or suggestions to Birgit Hoffmann, Senior Marketing Manager of Agra at Private Bag 12011, Windhoek, or via email to [birgith@agra.com.na](mailto:birgith@agra.com.na)

Best Wishes!

Alida Coertzen

Communications Officer

Private Bag 12011

Windhoek

Tel: 061-290 9234

Email: [alidac@agra.com.na](mailto:alidac@agra.com.na)

## BELANGRIKE PROSEDURES VIR DIE AANSOEK VAN INVOER- EN UITVOERPERMITTE

**D**aar heers taamlik verwarring oor wat 'n persoon, wat diere wil in- of uitvoer, te doen staan. Verskeie prosedures moet gevolg word en toestemming moet van ten minste drie instansies verkry word voordat daar by die Vleisraad aansoek gedoen kan word vir 'n in/uitvoerpermit.

Indien u die agent kontak, moet die volgende inligting beskikbaar gestel word:

1. Plaasnaam en plaasnommer
2. Die plaas/skougronde/veilingskrale waarvandaan die dier(e) kom of waarheen dit gaan
3. Die provinsie waarvandaan die dier(e) afkomstig is
4. Die plek waarheen dit gaan
5. Die agent kan u inlig waar u telersgenootskap is en kan 'n telefoonnommer verskaf van die voorsitter van die genootskap
6. Deur watter grenspos die diere vervoer sal word
7. Die adres waarheen u permitte gestuur moet word
8. Vleisraad registrasienommer en Agra lidnommer

Die proses om al die permitte te verkry is dan as volg:

1. Toestemming word van die telersgenootskap gekry;
2. Daarna word toestemming van die veeverbeteringsskema verkry;
3. Asook van veeartsenydienste;
4. Dan eers kan vir die vleisraadpermit aansoek gedoen word.

Wanneer u aansoek doen, moet u aanvaar dat die aansoek nie dieselfde dag by van hierdie instansies verwerk sal word nie.

Sodra die lewende hawe beampte al die permitte bymekaar het, moet dit nog per pad na u gestuur word (as dit nie self afgehaal word nie).

Wanneer u aansoek doen, hou asseblief al hierdie stappe in gedagte en doen ten minste 14 dae (verkieklik langer) voor die tyd wat u die diere wil vervoer, aansoek. Naweke is uitgesluit en moet dus nie bereken word as deel van die 14 dae tydperk nie.

Maak baie seker dat u die permit sal gebruik binne hierdie tydperk. Dit sal uself baie tyd en onnodige uitgawes spaar!

## SEPTEMBER 2007 SWAKARA PELSVEILING

### swakara

56 500 pelse is deur die Pelsentrum ingeneem vir sortering vir die September 2007 veiling te Kopenhagen, Denemarke. Die pelse bestaan uit ongeveer 48 000 swart, 3 500 grys, 3 000 wit en 300 bruin pelse. Dit is 3 000 meer in vergelyking met September 2006, toe 53 500 pelse verkoop is. Hierdie getal neem ook die jaar 2007 se produksie na 121 500, wat 3 000 pelse meer is as wat in 2006 geproduseer is. Die aanvraag na **Swakara** is steeds goed en 'n goeie veiling word op 31 Augustus verwag.

Vanaf Julie het die Pelsentrumspan, bestaande uit Wessel Visser, Adolf

Awaseb, Henry Awaseb, Nardus Strauss, Philip Fourie en natuurlik Anke Erasmus (wat moes sorg vir koffie en dat die manne nie gepla word met onbelangrikke oproepe nie), sewe dae 'n week gewerk om die pelse die 14<sup>de</sup> Augustus op die vliegtuig te kry. Gedurende hierdie tyd is hulle eers deur Roger Ryland en later deur Jeremy Duffield-Harding opgelei en bygestaan. Onderhandelinge met Jeremy om weer deel van die permanente-span te word vorder goed en sy hoofsaak sal wees om meer persone in pelsortering op te lei dat ons gerat kan wees vir die groter hoeveelheid pelse wat ons in die toekoms verwag.


# BASIESE DIEREGESONDHEID

VERGELYK SIEK DIERE MET GESONDE DIERE EN VOORKOM SIEKTES DEUR KORREKTE ENTING

(Dr. ES (Stan) Miller-Dieregesondheid Konsultant en Kursus Aanbieder)

**D**eur middel van noukeurige waarneming kan 'n veeboer vinniger siek diere identifiseer. 'n Gesonde dier kan aan sy liggaamsvoorkoms (onder andere reg-op ore wat in die rigting van geluide beweeg, beweeg ook om vlieë en ander irritasies te verjaag; helder, lewendige oë met geen uitloopsels) herken word. Geen speeksel mag van die bek drup nie. Stadige of onvolledige / onreëlmatige koubewegings mag 'n aanduiding van 'n tandprobleem wees. Neus skoon sonder afscheidings - 'n koel droë neusvleuel by bokke en skape. Gesonde diere lek hul neuse gereeld skoon met die tong. Die hare of kled van die gesonde kortharige dier moet glad en blink wees.

Die veeboer behoort ook 'n siek dier op te merk deur na die dier se optrede en liggaamsbewegings op te let. Die asemhaling moet gelykmatig en gereeld wees tydens rus; beweging en warm weer sal die tempo van asemhaling versnel. Die dier moet goed eet en drink. Weiering om te vreet is 'n teken van swak gesondheid. Skaap, bok en bees herkou vir 6-8 uur elke dag, as hulle heeltemal ophou herkou is dit 'n aanduiding van swak gesondheid. Die gesonde dier is op en wakker en let fyn op na sy omgewing. Afsondering van 'n dier van sy groep is dikwels 'n aanduiding van swak gesondheid. Die dier moet maklik en reëlmatig en met alle pote gewigdraend loop.



Grafiese voorstelling van twee gesonde diere.

## WAAROM MOET SIEK DIERE SO GOU MOONTLIK HERKEN WORD?

Identifisering van die tekens van swak gesondheid onder u vee beteken dat u vinniger (en dit raak natuurlik die winsgewendheid van u boerdery direk) kan:

- eerstehulp gee en behandel,
- verspreiding van siekte(s) na ander diere verhoed,
- enige probleme in vee wat vir koop of verkoop aangebied word, herken,
- enige tekens van swak gesondheid by diere wat vir teling bedoel is, herken.

## HOE VERGELYK DIE SIEK DIER MET DIE GESONDE DIER?

Dit mag een of meer kombinasie(s) van die volgende tekens toon:

- dowwe oë;
- soms bloedarmoede, wit of bleek

slymvliese;

- dun en benerig;
- ruwe en opgehewe haarkleed.

## OPTREDE VAN DIE SIEK DIER:

- Dof en nie aktief nie
- Gaan lê en beweeg met moeite
- Loop met moeite
- Afsondering van ander diere in die groep
- Eet en drink swak
- Haal swaar en met moeite asem
- Kniers op die tande
- Dun/waterige ontlasting

## WAT KAN DIE SIEK DIER AFSKEI?

- Waterige afskeiding(s) uit die oë, neus en of bek,
- Waterige of harde ontlasting,
- Verlaagde melk produksie,
- Verkleurde melk,
- Verkleurde of troebel uriene.

vervolg op bl. 5



vanaf bl. 4

Boerbok ooie in gesonde toestand

**VROEË ERKENNING VAN SWAK GESONDHEID VERHOOG DUS DIE KANS VIR SUKSESVOLLE BEHANDELING EN VERHOED DAT DIE SIEKTE NA ANDER GESONDE DIERE VERSPREI. DEEGLIKE EN GEREELDE DEURLOPENDE OBSERVASIE IS NOODSAAKLIK OM ENIGE AFWYKING VROEG OP TE MERK! VOORKOMING EN BEHEER VAN SIEKTES EN PARASIETE DEUR GOEIE BESTUURSPRAKTYKE.**

**NOODSAAKLIKE BESTUURSPRAKTYKE SLUIT IN:**

- Goeie voeding en gesonde skoon water,
- Werk higiënies veral in en om die manga,
- Voldoende beskutting,
- Beperk trauma/beserings,
- Normale geselskap en sosialisering in die trop of kudde.

**Enting** bly steeds die goedkoopste en mees effektiewe metode van

siektebeheer.

**VOORSORG VIR ENTINGS BY DIE DIER:**

- 'n Gesonde dier,
- Korrekte ouderdom,
- Ander uitdaging(s)

- 'n Swak reaksie weens verskeie redes.

**VOORSORG VIR ENTINGS BY TOEDIENING VAN DIE ENTSTOF:**

- Nie antibiotika saam met lewendige bakteriese entstowwe gee nie,
- Pasop vir oordraging van die siekte met enting tydens 'n uitbreking,
- Gee skraag / versterkings (booster) dosis 'n maand of jaar later,
- Interaksies met ander entstowwe lees instruksies!
- Dosis toedienbaar - lees instruksies!

**VOORSORG VIR ENTINGS BY DIE HANTERING VAN DIE ENTSTOF:**

- Vervaldatum
- Samestelling
- Swak vervaardiging

**LEES ALTYD DIE ENTSTOF PAMFLET/INSTRUKSIES DEEGLIK!**



Voorstelling van 'n siek bokooi in gevorderde stadium.

## LOUTJIE GROBLER NEEM LEISELS OOR BY OTJIWARONGO TAK

Loutjie Grobler is met ingang 1 Augustus 2007 aangestel as Takbestuurder, Agra Otjiwarongo. Hy vervang vir Mariaan Jansen van Vuuren wat Agra aan die einde van Augustus verlaat. Loutjie is 'n booring van Otjiwarongo en het aan die Universiteit van Potchefstroom sy naskoolse studies voltooi.



Die afgelope sewe jaar was hy 'n onderwyser en sy liefde vir boerdery leef hy uit deur deelyds te boer. Hy is 'n gesinsman en baie passievol oor sy gesin, boerdery en die natuur. Loutjie is trots om deel te wees van

die Agra span en sien uit na die nuwe ontwikkelinge wat vir Agra Otjiwarongo beplan word.

## NOTICE/KENNISGEWING



**Bied Aan:**

Groepering  
Skietkompetisie by  
die Stampriet Skou

**6 & 7 September 2007**

Skakel vir Dirk Coertzen by  
061-290 9294 vir verdere inligting

## TWO SOUTHERN FARMERS WIN BIG WITH AGRA AND VIRBAC

The Agravet range is produced for Agra in South Africa by Virbac, whose manufacturing facilities adhere to excellent manufacturing practices and standards. Some of these products are market leaders in South Africa as well as Namibia. Virbac is an animal health company, providing farmers with internationally renowned quality products and quality business solutions.

Virbac Animal Health, in cooperation with Agra, has launched a competition with prizes of shopping vouchers to the value of N\$5 000 each that can be used to purchase stud-animals. In order to

qualify for this competition, customers should spend a minimum of N\$500 on Agravet and Agramectin products.

The March winner, Mr CJS Dippenaar, has for the past 13 years been farming on the farm Avondster, which is situated 40km south-east of Mariental. Although he mainly farms with Dorpers,

he also has cattle and boer-goats. He is not a registered stud farmer, but he owns a herd of Dorpers and invests in quality rams. He plans to use the N\$ 5 000 to

purchase a type 5 stud-ram at one of Agra's stud auctions.

Mr Koos Liebenberg is May's winner of the Agra/Virbac promotion competition. He farms on the farm Diepputs, south-east of Keetmanshoop. He will use his shopping voucher at an Agra auction



*F.l.t.r.: Mr. Koos Liebenberg, the winner of May promotion with Anet Steyn of Virbac and Jannie Fourie of Agra Keetmanshoop*

to purchase a white Dorper ram which he wants to use to upgrade his herd.

A total of 4 of these prizes is up for grabs and 2 draws have taken place already.

Virbac is an international animal health company and represented in countries all around the globe. This is the only animal health company represented in Namibia, with 3 trained technical sales advisors who assist and inform farmers with regard to general animal health on the farm. In cooperation with Agra, Virbac is the Namibian farmer's partner when it comes to animal health.



*F.l.t.r.: Mr. CJS Dippenaar, the winner of March promotion with MC Steenkamp and FJ van Zyl of Agra Mariental*

# TERUGVOERING: AGRA STOETVEILINGS JULIE 2007

## KARAKOELRAMVEILING VAN R VON HASE, R SCHREIBER & TIVENA: 3 JULIE 2007 GIBEON VEILINGSKRALE

35 Karakoel Ramme is verkoop vir gemiddeld N\$ 4 368.57

Die duurste ram was 'n ram van Karakul Partners wat vir N\$ 9 000.00 verkoop is aan S K Louw van Maltahöhe.

## NGUNI NASIONALE VEILING: 6 JULIE 2007 AGRA/STANDARD BANK RING, WINDHOEK

10 Nguni bulle is verkoop vir gemiddeld N\$ 16 350.00

Die duurste bul was 'n bul van H Held wat vir N\$ 30 500.00 verkoop is aan Namib Sanga Stoet.

44 Nguni koeie is verkoop vir gemiddeld N\$ 7 113.64

10 Nguni koeie met kalwers is verkoop vir gemiddeld N\$ 10 500.00

10 Nguni verse is verkoop vir gemiddeld N\$ 7 425.00

## KARASBURG DORPER STREEK-VEILING:

11 JULIE 2007

1 Tipe 5 Dorper Ram is verkoop vir N\$ 9 000.00. Die verkoper was P F Strauss en die koper, W K Claassens van Karasburg.

8 Dorper Stoetramme is verkoop vir gemiddeld N\$ 4 125.00 en 21 Dorper Ramme is verkoop vir gemiddeld N\$ 2 957.14

## KARAKOELRAMVEILING VAN PIET JACOBS & LOVEDALE FARMING: 25 JULIE 2007, KEETMANSHOOP

67 Karakoelramme is verkoop vir gemiddeld N\$ 10 365.67

Die duurste ram was 'n ram van Lovedale Farming wat vir N\$ 23 000.00 verkoop is aan Piet Jacobs, Mariental.

**(Geskiedenis is gemaak tydens die Karakoelramveiling van Piet Jacobs & Lovedale Farming toe daar vir die eerste keer tydens 'n Karakoelramveiling 'n gemiddeld bo N\$ 10 000.00 gehandhaaf is vir al die ramme wat verkoop was oor die afgelope jare in Namibië.)**

## R DE KLERK DORPER, WIT DORPER & BOERBOKVEILING: 26 JULIE 2007

PLAAS: LUSHOF, KALKRAND DISTRIK

3 Tipe 5 Dorper Ramme is verkoop vir gemiddeld N\$ 7 166.67

Die duurste ram was 'n Wit Dorper Ram wat vir N\$ 10 000.00 verkoop is aan Koos Symington, Windhoek.

12 Dorper Stoetramme is verkoop vir gemiddeld N\$ 4 708.33

28 Dorper Ramme is verkoop vir gemiddeld N\$ 3 071.43

## NOORDELIKE SANTA GERTRUDIS VEILING, 27 JULIE 2007

### AGRA VEILINGSKRALE, OTJIWARONGO

24 Santa Gertrudis bulle is verkoop vir gemiddeld N\$ 15 479.17

Die duurste bul was 'n bul van Mnr J J de Jager wat vir N\$ 29 000.00 verkoop is aan Mnr J A Grove, Outjo.

14 Santa Gertrudis verse is verkoop vir gemiddeld N\$ 5 142.86

3 koeie vir gemiddeld N\$ 5 000.00 en 2 koeie met kalwers vir N\$ 5 250.00 gemiddeld.

**Keinab Boerevereniging bied aan:**

# Junior & Senior Dorper Kursus

**Datum: 16 - 19 Oktober 2007**

**Plek: Keinab Boerevereniging Saal  
(Karasburg Distrik)**

**R.S.V.P: Voor / op 6 Oktober 2007**

**Kontak: Donnie: 063 - 269 636  
Kobus: 063 - 269 627  
vir meer besonderhede**



**NB!! Reageer so spoedig moontlik om teleurstelling te vermy!**

## IMPORTANT NOTICE ON DEBTORS' STATEMENTS AND ELECTRONIC PAYMENTS

### Debtors' Statements

Debtors' statements can now be sent to customers via email. We would like to appeal to our customers to forward their email addresses to [hannes@agra.com.na](mailto:hannes@agra.com.na). The original statements will still be mailed.

### Electronic Payments

We would like to remind you that electronic transfers from Standard Bank can take one working day before they show on Agra's bank statement. Electronic payments from other banks can take up to three working days before they show on Agra's bank statement.

We would like to point out that separate statements are issued for Agra, Safari Den, Auas Vet Med and Auas Wholesalers and payments for each statement should be done separately.

Furthermore, we appeal to all our customers to indicate their Agra account number as reference when they pay electronically.

We thank you for your cooperation. Should there be any queries or questions please contact the following persons:

Mrs. Amanda Hoffmann 061-290 9255 for credit applications and extended credit limits.

Mr. Hannes Brits 061-290 9236 for enquiries regarding accounts, interest and any other related problems.

## BELANGRIKE KENNISGEWING VAN DEBIET STATE EN ELEKTRONIESE BETALINGS

### Debiteur State

Debiteur state kan nou per epos na klante gestuur word. Ons versoek al ons kliënte wat hulle state per e-pos wil ontvang, om hulle e-pos adresse na [hannes@agra.com.na](mailto:hannes@agra.com.na) te stuur. Die oorspronklike state word nog steeds gepos.

### Elektroniese Betalings

Graag wil ons weer daarop wys dat elektroniese betalings vanaf Standard Bank tot een werksdag kan neem voor dit op Agra se bankrekening verskyn. Elektroniese betalings vanaf ander banke kan tot drie werksdae neem voor dit op Agra se bankrekening verskyn.

Ons wil u daarop wys dat daar vir Agra, Safari Den, Auas Vet Med en Auas Wholesalers aparte state uitgestuur word en betalings moet ook vir elke staat apart gedoen word. Voorts versoek ons alle klante om hulle Agra rekeningnommer as verwysing te gebruik wanneer elektroniese betalings gedoen word.

Baie dankie vir u ondersteuning. Indien daar enige navrae of probleme is, kontak gerus die volgende persone:

Mev. Amanda Hoffmann 061-290 9255 vir krediet aansoeke en verhogings van limiete.

Mnr. Hannes Brits 061-290 9236 vir navrae op rekeninge, rentes en enige ander probleme.

# Pick'n Pay

## MODEL • FAMILY Supermarkets



Welcome to our world of Quality, Value, and Convenience. At our new Auas Valley store, shopping is so much easier.



**We're on your side.**